

Sondag, 26 April 2020

Fokusteks: 1 Petrus 1:17-23

Kan jy dink aan iemand vir wie jy baie respek en eerbied het? Iemand wat ontsag by jou ontlok. Moontlik is dit 'n ouer, 'n onderwyser, 'n akteur of sportpersoonlikheid. Dit kan 'n vriend of vriendin wees of selfs iemand vir wie jy nie persoonlik ken nie. Wat is die eienskappe van iemand wat eerbied en ontsag by 'n mens afdwing? Daar sal sekerlik baie interessante antwoorde gegee kan word. Een ding is egter seker, en dit is dat sulke persone se invloed in jou lewe van so 'n aard is dat jou eie gedrag en denke daardeur gevorm word. Jy kan selfs heeltemal nuut oor sekere dinge in die lewe begin dink.

Petrus roep die gelowiges op aan wie hy skryf om *in eerbied vir Hom (God)* te lewe (vers 17). Kom ons kyk hoe enkele ander Bybelvertalings ons help om hierdie sinsnede nog beter te verstaan:

... *wandel dan in vrees* - 1953 (Ou) Vertaling

... *moet julle vir God respekteer* - Die Bybel vir Almal

... *tree dan met ontsag op* - Nuwe Direkte Vertaling

Waarom moet ons in eerbied vir God lewe en wat beteken dit prakties vir ons alledaagse leefwyse?

Petrus het reeds in die begin van sy brief die gelowiges herinner aan die nuwe lewe wat aan hulle geskenk is deur die opstanding van Jesus uit die dood (vers 3). Dit is 'n wonderlike geskenk wat groot blydschap bring (vers 9). Dit beteken egter dat hulle nie meer kan voortgaan met 'n ou lewe wat volgens hul eie begeertes ingerig was nie. God is nou die sentrum en middelpunt van hulle lewe. 'n Lewe van gehoorsaamheid aan God is niks anders as 'n heilige lewe nie (verse 14-16).

Die eerste motivering om in eerbied vir God te leef is die voorreg om God as hul *Vader* te kan aanroep, maar hulle moet onthou dat die Vader ook die *Regter* oor hul lewens is. Jy kan nie God jou Vader noem en dan leef asof jy nie deel van sy familie is nie. Jesus het self geleer: *Elke boom word aan sy eie vrugte geken. Van doringstruik pluk 'n mens mos nie vye nie, en van 'n doringbos oes jy ook nie druiwe nie. "Watter sin het dit dat julle My aanspreek met 'Here, Here!' en nie doen wat Ek sê nie?* (Luk.6:44,46) Nuwe lewe vereis nuwe denke, nuwe manier van praat, reageer en optree - alles volgens die wil van God en die voorskrifte van sy Woord. Só leef jy in eerbied vir God.

'n Tweede motivering vind ons in vers 18 - *Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie.* Dit is iets wat die lesers in daardie tyd goed sou verstaan. Hier word verwys na die praktyk van slawehandel. 'n Slaaf staan in diens van sy eienaar en is as sy eiendom beskou. Die waarde van 'n slaaf is in geldterme bereken. Sommige slawe was baie geld werd, afhangende van die diens wat hulle vir die eienaar verrig het. 'n Slaaf kon wel sy vryheid kry, maar dan moet die eienaar vergoed word vir die verlies aan waarde. Iemand anders moes die slaaf vrykoop of loskoop deur die bedrag aan die eienaar te betaal. Dit is dikwels met middele soos goud en silwer gedoen. Dan was die slaaf vry omdat die prys vir hom betaal is.

Petrus herinner die gelowiges daaraan dat hulle voorheen 'n lewe gelei het wat berus het op dinge wat nie ewigheidswaarde het nie - *'n oorgeërfde sinlose bestaan* soos hy dit noem. Heel moontlik verwys dit na dinge wat vir die families van daardie tyd baie belangrik was, soos jou familiestamboom en -geskiedenis, opvoeding, godsdiens, besittings, ens. Dit is alles dinge wat die waarde van jou menswees bepaal het. Hierdie dinge kan nie redding bring nie. Jy kan nie God daarmee beïndruk of sy guns wen nie. Daarom is dit sinloos om jou hoop en geloof daarop te bou. Dit is eerder dinge wat vir jou 'n las kan word in jou lewe. Dan word jy 'n slaaf van jou eie omstandighede en van menslike verwagtinge.

Paulus skryf soos volg oor sy eie Joodse afkoms (Fil.3:5-8):

... ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vrypraak te kry, onberispelik. Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde.

Die enigste uitweg is om van so 'n lewensbestaan vry te kom en 'n totaal nuwe leefwyse aan te neem. 'n Nuwe uitsig op jou lewe en jou toekoms. Dit sluit ook in dat jy 'n nuwe verstaan sal hê van die doel waarvoor jy hier op aarde is.

Hiervoor het Jesus gesterf. Hy het die losprys betaal om ons los te koop van 'n waardelose lewe. Hy betaal nie met geld of middele wat met verloop van tyd vergaan nie. Nee, Hy betaal met die beste middel wat in God se koninkryk beskikbaar is, naamlik die kosbare bloed van Christus. Petrus verwys na Jesus as *die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is* (vers 19). Hiermee neem hy ons terug na Eksodus 12 met die instelling van die Paasfees. Dit is op die vooraand van Israel se trek uit Egipte. Die tiende plaag wat die Egiptenare tref is die dood wat die lewens van alle eersgeborenes kom eis. Die Israelitiese gesinne kry die opdrag om 'n lammetjie, wat gesond en sonder enige gebrek is, te slag en sy bloed aan die deurkosyne te smeer. Wanneer die Here tot by die deur kom, sien Hy die bloed, slaan hulle oor en spaar hul lewens. (In Engels "pass over.") Ons kan ook van Paasfees praat as 'n "Oorslaanfees." Die bloed is die teken dat daar reeds 'n lewe afgelê is. So is Israel losgekoop, met bloed, om in 'n nuwe verhouding met God te leef.

Jesus het die volmaakte Lam vir ons geword. Sy bloed koop ons los sodat God ons met die dood oorslaan en aan ons die lewe gee. God is ons nuwe Eienaar en ons staan nou in sy diens. Hy waarborg 'n lewe van vreugde en vrede. Hy hou ons vas in tye van swaarkry en hartseer. Hy beloof aan ons 'n ewige lewe. Daarom moet ons in eerbied vir Hom leef.

Watter kenmerke is teenwoordig by gelowiges wat deur Jesus van die dood losgekoop is? Daar is twee wat ek kortliks noem.

Eerstens moet ons onthou dat ons *vreemdelinge* in hierdie wêreld is (verse 1, 17; 2:11). Ons moet nie te tuis word met hierdie lewe nie. Nie te gemaklik nie. Hierdie wêreld is nie ons eindbestemming nie. Hier is ons soos besoekers wat slegs tydelik vertoef. Ons is op pad na ons Vaderland, ons hemelse tuiste. Net soos wat Israel deur die woestyn moes trek om tot by die beloofde land te kom. Ons leef nie volgens die reëls van hierdie wêreld nie, maar volgens die reëls van God se koninkryk.

Dit bring my by die tweede kenmerk van 'n verlore geloofsgemeenskap. Die goue reël in Gods koninkryk is die beoefening van opregte liefde onder mekaar (vers 22). Dit is 'n teken van gehoorsaamheid aan God. Petrus beskryf die liefde as "van harte" en "vurig." Ons kan dit ook so lees dat gelowiges mekaar *onophoudelik* sal liefhê. Dit is immers die tipe liefde wat pas by mense wat deur 'n ewige God liefgehê word!

Ons leef egter nie 'n soort kloosterlewe nie. Hoewel ons burgerskap in die hemel is, is ons nie onbetrokke in die gemeenskap en samelewing hier op aarde nie. Ons opregte liefde onder mekaar word 'n kragtige getuigenis in die hand van die Here. So skryf Petrus in hoofstuk 2:12 - *Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.*

Dit is nou die tyd wat Christene en kerke hul getuigenistaak opnuut ernstig moet opneem. Ons sal deur ons opregte liefde moet wys dat ons ontsag, respek en eerbied vir God het. Mag die Here ons help om dit prakties sigbaar te maak, en mag sy Naam verheerlik word!

Gebed

Hemelse Vader, ons loof U dat ons u eiendom mag wees.

Ons wil in alle eerbied vir U leef.

Help ons om dit sigbaar te doen deur ons liefde vir mekaar.

Ons bid veral in hierdie tyd vir mense wat in baie moeilike omstandighede verkeer weens die landswye inperkingsmaatreëls.

Ons bid ook vir ons regering, mediese dienste, die weermag en polisie diens en ander rolspelers vir wysheid om verantwoordelike besluite te neem en om oordeelkundig op te tree.

Ons bid vir mense wat siek geword het en families wat geliefdes aan die dood moes afstaan.

Dankie vir baie mense wat in hierdie tyd met liefde en omgee uitreik na hulle wat behoefdig en kwesbaar is.

Wees ons genadig en laat ons ook met genade optree.

Ons bid dit in die naam van Jesus Christus, die Here.

Seën

Mag die God van vrede,

wat Jesus uit die dood teruggebring het,

ons toerus met alles wat ons benodig om sy wil te doen.

Aan Hom die heerlikheid tot in alle ewigheid.

Amen.